View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by Koers (E-Journal)

AUGUSTUS 1959

# KOERS

DEEL XXVII No. 2.

CALVYN - JUBILEUM V.

## DIE GENEEFSE AKADEMIE VAN CALVYN

1. Op 5 Junie 1559 het Johannes Calvyn een van sy vurigste lewenswense vervuld gesien. Op daardie dag het die openingsplegtigheid van die Geneefse Akademie plaasgevind. Dit was inderdaad 'n plegtigheid. In die sg. **summum templum** en in die aanwesigheid van 'n groot aantal hoogwaardigheidsbekleërs en van 'n 600 studente het Calvyn die leiding van die opening waargeneem. Onder die hoë gaste was daar vier lede van die Senaat of Raad, enkele predikante en die benoemde hooglerare en lerare van die Akademie. Calvyn het self in Frans gepraat sodat alle aanwesiges hom kon volg. Hy het eers die sekretaris versoek om die Regulasies en Reëls (**Leges**) van die Akademie **clara voce et gallico** voor te lees. Daarna het al die aanwesiges staande die Konfessie aangehoor en het die Rektor en al die dosente 'n eed afgelê. Die name van die dosente is ook voorgelees: Beza (rektor), professore Cevallanius (Hebreeus), Beraldus (Grieks) en Tagantius (Filosofie) en die onderwysers Rendonis (klas 1), Malbueus (klas 2), Barbirius (klas 3 en prinsipaal van die die Kollege), Enaltus (klas 4), Dux (klas 5), Perrilius (kas 6) en Laureatus (klas 7), en Daqueus as sanger, en Calvyn en Beza as professore in die Teologie.

Hierna het Calvyn die woord gegee aan Beza. Calvyn het die rede van Beza samgevat op sy gewone saaklike, gevatte en omvattende manier en al die eer aan God gegee vir die stigting van die Akademie. Die verrigtinge is deur hom afgesluit met 'n woord van dank aan alle aanwesiges en met 'n dringende beroep op hulle tot pligsvervulling en tot verheerliking van Gods naam.

Op die volgende dag het albei afdelings van die Akademie met hul werksaamhede begin. Aan die Akademie as sodanig (ook genoem die openbare skool) en aan die Kollege of Gimnasium

(ook bekend as die private skool) is onderrig gegee in die Teologie en die wêreldlike kunste en wetenskappe. Die plan was om by die drie aan die Akademie eventueel ook Regte en Medisyne te voeg. Die Kollege het gedien as die voorbereidende skool vir die Akademie.

2. Die stigting van die Akademie na die wens van Calvyn het 'n lang tyd van harde voorbereiding en opoffering vereis. En hierin het Calvyn die beslissende rol gespeel.

Calvyn het die werklike noodsaaklikheid van geleerdheid met oortuiging aanvaar. Al was hy teoloog en gelowige, het hy tog neergelê dat die sg. sekulêre wetenskappe onmisbaar is.

Gedurende sy eerste verblyf in Genève het hy nou saamgewerk met Willem Farel in kerklike en skoolsake. In die kerklike artikels deur hulle uitgegee in Januarie 1537 het hy in die besonder gepleit vir die onderrig van kinders, veral in die godsdiens. Daarvoor het hy in 1538 'n kort kategismus uitgegee. Maar van direkter belang is die **Genevae ordo et ratio docendi in Gymnasio** wat hy saam met Cordier en Saunier in Januarie 1538 saamgestel het en waarin hy 'n program vir 'n publieke skool skets. In hierdie program (ook genoem 'n prospektus) sê hy dat skoliere sowel in die sekulêre vakke as in die godsdiens onderrig moet word; want die Woord van God is die grondslag vir alle geleerdheid en die vrye kunste weer is hulpmiddele vir die volle verstaan van die Woord van God. Daarom is daar drie groepe leervakke: godsdiens, tale en humaniora. Die Kollege of Gimnasium moet die kinders voorberei vir die amp van predikant en vir betrekkinge in die staat. Die program vat die noodsaaklikheid van geleerdheid onder drie hoofde saam: die versekering van publieke administrasie, die ondersteuning van die Christelike kerk en die handhawing van menslikheid onder mense.

Gedurende sy verblyf in Straatsburg, veral deur sy deelname aan die onderwys aan die Gimnasium van Johannes Sturm aldaar (September 1538 tot September 1541), het hy eerstehandse en waardevolle kennis opgedoen van die administrasie en organisasie van 'n goeie skool. Sy Kerkordonnansie van November 1541 getuig dan ook weer eens van sy vurige wens na 'n goeie skool en van sy hoë agting vir die onderwyser. Hy noem die **docteur** in dieselfde verband as die drie kerklike ampte van predikant, ouderling en diaken.

In 1545 maak hy verder kennis met die **Leges Academiae** van Melanchton vir sy Akademie te Wittenberg en in 1556 besoek Calvyn nog eens die Gimnasium van Sturm in Straatsburg.

Nou is hy volkome op hoogte met wat op skool, kollege en akademie nodig is.

3. In die begin van 1559 publiseer hy die beroemde **Leges Academiae Genevensis,** waarin hy die gedagtes van Sturm en Melanchton inwerk. Ek noem veral die van Sturm: die ordelike opeenvolging van die klasse, die verdeling van die klasse in kleiner groepies, die jaarlikse plegtigheid van bevordering en die voorbereidende karakter van die onderrig op die Kollege vir die werk van die Akademie.

Die materiaal vir die stigting van die

Akademie was alles aanwesig. Die Leges word nou ontwerp vir die publieke skool (die universitêre afdeling) en die private skool (die Kollege of Gimnasium).

Die ou skool deur Farel in 1536 gestig het algaande agteruitgegaan en teen 1550 was dit nog maar net 'n geraamte. Calvyn het in 1558 die Geneefse Raad oortuig dat dié skool hervorm en vernu moet word. Daartoe is toe besluit en nuwe geboue is opgerig. Calvyn het self onderneem om die Leges te formuleer en om die personeel te vind. Hy het albei take met welslae uitgevoer.

Die Leges vir albei afdelings gee vrywel volledige regulasies en reëls aan. Hulle beskryf besonderhede in verband met die personeel, die studente, die rooster van werksaamhede, die leerstof, die vakansies, die bevordering en die ede by ampsaanvaarding.

Ons sal die Leges vir die Akademie breedvoeriger gee as die vir die Kollege.

Wat die Kollege betref, word die bevoegdhede van die prinsipaal (wat onder die Rektor moes werk), sy werksaamhede en pligte bepaal. Die Kollege van predikante en professore benoem die onderwysers, terwyl die Senaat die aanstelling doen. Die Leges gee besonderhede oor hul pligte en werksaamhede. Daar sal sewe klasse wees, ingedeel in groepe en vir elke klas word die leergange beskryf. Besonderhede in verband met vakansies, bevorderings en ede sluit die Leges af.

Wat die Akademie betref, kry ons die volgende besonderhede.

Die Rektor word elkers vroeg in Mei gekies en aangestel vir 'n tydperk van twee jaar. Die Kollege van predikante en professore wys hom aan en die Raad stel hom aan en verrig ook die instelling. Hy moet 'n man van onbetwyfelbare vroomheid en geleerdheid wees. Hy moet albei afdelings beheer en bestuur en aandag gee veral aan die vlyt van die professore en die prinsipaal. Hy moet alle moeilikhede van die studente oplos en botsings bylê. Getuigskrifte oor gedrag en vordering van die studente word deur hom aan die Kollege van predikante en professore voorgelê. Met die toestemming van die Senaat (of Raad van die stad) mag hy die studente bymekaar roep. Die professore word op dieselfde wyse as die Rektor gekies, aangestel en ingestel. Hul taak is onderrig op voorgeskrewe tye in hul vakrigtings. Die studente skryf in by die Rektor en moet die Geloofsbelydenis onderteken. Hulle moet vroom en beskeie wees. Aanstaande predikante moet spesiaal ingeskryf word. In 'n vaste orde moet hulle opstelle inlewer een maal per maand en die dan met die professor bespreek sonder pedantrie, oordrewe wysneusigheid en valse leerstellinge. Hulle moet hul uiteensettings in die openbaar verdedig. Elke teken van opgeblasenheid, beterwetery, onheilige hoogmoed, verkeerde foutvindery moet uit die besprekings verban word. Elke tema moet omvattend maar eerbiedig en deemoedig bespreek word: Die professor in die Teologie neem die leiding en gee afdoende uitspraak.

Daar sal 27 lesse per week wees: 3 in Teologie, 8 in Hebreeus, 3 in Griekse Etiek en 5 in Griekse Retoriek of Poësie, 3 in Fisika of Wiskunde en 5 in Dialektiek of Retoriek. Die aantal

ure vir onderrig word bepaal: 2 uur op Maandae, Dinsdae en Donderdae; 1 uur op Woensdae en Vrydae; op Saterdae geen lesings nie en Sondae gereelde kerkbywoning; op Vrydae ook bywoning van die kerklike vergaderings en van die kerklike rade.

Die Leges gee ook die besonderhede oor leerstof vir die professore, selfs die periodes vir die lesings. Die twee professore in die Teologie (Beza en Calvyn) behandel die Heilige Skrif om 2 tot 3 nm. op Maandae, Dinsdae en Donderdae, en wel weekliks om die beurt. Die professor in Hebreeus verklaar na die opening soggens 'n boek van die Oue Testment met taalkundige kommentaar en in die namiddag behandel hy die grammatika. Die professor in Grieks volg op sy kollega in Hebreeus: smôrens 'n filosofiese tema uit die Griekse Etiek (Plato, Aristoteles, Plutarchos) of van 'n Christelike wysgeer; in die namiddag gee hy 'n lesing oor 'n Griekse digter of orator of historicus, afwisselend. Dan kom die professor in die Kunste (Lettere) aan die beurt: 'n halfuur soggens oor 'n tema uit die Fisika en smiddae oor die retoriek van Aristoteles of 'n bekende orasie van Cicero of sy De Oratore.

Dieselfde bepalings geld vir die Akademie rakende die sake van vakansie, bevordering en ede. Die Rektor moet voor die Senaat 'n besondere eed aflê en die professore en onderwysers 'n ander een.

4. Die Akademie van Genève het onmiddellik geslaag. By die opening was daar reeds 600 studente aanwesig, afkomstig van byna alle Wes-Europese lande en van die Britse Eilande. In 1564, ten tye van Calvyn se heengaan, was daar reeds 1200 leerlinge in die Kollege en 300 in die Akademie. Onder die beroemdste buitelandse studente kan genoem word net die tutor van Hendrik IV van Frankryk; Thomas Bodley, die stigter van die beroemde Bodleian Library van die Universiteit van Oxford; Casparus Olevianus, medeskrywer van die Heidelbergse Kategismus; Marnix van St. Aldegonde van die Nederlande. In 1625 is 'n lys van beroemde manne deur die Leuvense Universiteit saamgestel: een kwart alleen het aan die Geneefse Akademie gestudeer.

Die onderrig was buitengewoon hoogstaande in die Teologie sowel as in die sekulêre wetenskappe. Dit was algemeen bekend dat selfs 'n student van Genève 'n logieser en stewiger verdediging van die Christelike geloof kon gee as menige doctor van die Sorbonne (die Universiteit van Parys).

Die Akademie het gedien as 'n model vir die stigting van soortgelyke inrigtings in alle lande van die Calvinisme: Engeland, Holland, die Palatinaat, Skotland, Frankryk, Verenigde State van Amerika, en selfs in die verafgeleë Suid-Afrika. Want die Calvinisme is veel meer as net 'n stelsel van godsdienstige leerstellings: Calvinistiese denke dek die hele gebied van die menslike lewe, politiek, ekonomiese, sosiale, opvoedkundige en ander terreine! Die Calvinisme vereis algemene onderwys en opvoeding, sosiale sorg in kerk en staat. Deur harde werk en produktiewe ekonomie kon Calviniste in die verlede, en vandag nog in alle lande, die middele vind om hul onderwysinrigtings in

stand te hou. Ek verwys maar net na die besondere skole en die Vrye Universiteit in Nederland, die Calvin College en die Christian Schools van die Christian Reformed Church in die V.S.A. En mag ek ook verwys na die groot finansiële opofferings van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika vir die vroeëre C.N.O.-skole en vandag nog vir die P.U. vir C.H.O.

Die geheim van die welslae van Calvinistiese onderwys lê in die gedissiplineerdheid, die gewetensgetrouheid, die geloofsoortuiging, die selfopoffering onder die seënende Hand van die Here, tot Wie se eer alleen al hierdie dinge deur sondige mense gedoen word. Soli Deo Gloria!

En wat het geword van hierdie wonderlike Geneefse stigting? Dit het mettertyd die ondersteuning van die Gereformeerde Kerk en gemeenskap verloor.

En vandag bestaan dit nog as die Université de Genève. Maar van die oorspronklike Calvinistiese gees en rigting getuig nog net die feit dat dit 'n fakulteit vir Protestantse Godsdiens insluit.

Dit het vandag as universiteit ses fakulteite: Lettere, Ekonomiese en Sosiale Wetenskappe; Natuurwetenskappe; Regte; Medisyne; Protestantse Teologie. Daarbenewens bestaan daar ook etlike goeie institute (Internasionale studies; Tandheelkunde; Argitektuur; Opvoedkundige Wetenskappe) onder die Universiteit, en in noue betrekking daarmee ander institute of kolleges (Farmasie; Moderne Frans; Vertalers; Handel; Biologie en Mediese Chemie; Liggaamlike Opvoeding en Sport; Maritieme Dienste; Industriële Studies). Daar werk 305 dosente waarvan 110 professore is; en daar studeer 1622 mans en 772 vroue. Die Universiteit publiseer **Dies Academicus** en sy Biblioteek, gestig 1560, bevat 550,000 boeke, 10,000 gravures, 23,000 landkaarte, 10,000 handskrifte.

En wat is die toekoms van ons eie Universiteit? Dit sal sy Christelik-historiese karakter handhaaf alleen solank sy oorspronklike oprigters, sy trustees, sy ondersteuners, sy dosente en studente en sy oud-studente dit help om die karakter te behou. Sonder die Gereformeerde Kerk en die gereformeerde gemeenskap sal dit dieselfde weg opgaan as die Geneefse Akademie van Calvyn.

J. CHR. COETZEE.

P.U. vir C.H.O.
8 Aug. 1959.